Tieners-wat-bid: Steek die iPod-generasie aan die brand deur gebed

So, jy is jonk en propvol lewe en jy wil graag met God praat, maar jy sukkel om kontak te maak? As dit jy is, mag hierdie artikel 'n oplossing vir jou probleem bied! Het jy geweet dat ouer mense 1,7 dinge op 'n slag kan doen, terwyl jy maklik met 5,3 goed op 'n slag kan werk? Het jy geweet dat jongmense regoor die wêreld terugkeer na 'n leefstyl van nadenkende gebed wat hulle help om te fokus op belangrike sake wat hulle in hulle generasie verander wil hê?
Om meer as een ding gelyktydig te doen en in kontak met alles en almal te wees, is heeltemal normaal vir jou. Daarom maak dit net sin dat tegnologie 'n invloed op jou gebedslewe sal hê. Jy kan maklik met God 'praat' terwyl jy besig is met ander dinge wat ook jou aandag verg. Maar om na God te 'luister', is 'n perd van 'n ander kleur. Om God se stem te hoor moet elke mens 'n sekere mate van stilte hê. Vir almal van ons, groot en klein, bly **Psalm 46:11** uiters belangrik: *Bedaar en erken dat Ek God is*. Probeer minstens een of twee keer sommige van die volgende voorstelle wat jou sal help om met God kontak te maak en Sy stem te hoor. Meer as wat ons ooit kan droom, verlang Hy daarna om met ons te praat. Hy wil graag met JOU praat – meer as wat jy ooit kan dink, bid of vra!

Kry vir jou 'n plek om te bid. Dit kan moeilik wees om 'n plek in 'n lawaaierige woonstelblok te kry waar jy met God kan ontmoet. Vra vir die Here om vir jou 'n veilige en stil plek te wys waar jy op 'n gereelde basis stil kan gaan sit om te bid.

Skryf dit neer. Ek weet jy hou daarvan om te 'blog'. Hier is 'n voorstel: Beskou die hou van 'n joernaal as die 'blog' van jou gebede tot God. Jy kan hulle neerskryf in 'n boek of op jou rekenaar tik. NB. Sorg dat dit veilig en privaat gebêre word. Wag tussen-in om te hoor of God vir jou iets sê terwyl jy besig is om vir Hom te 'bid-skryf'.

Bid hardop. Praat met God asof Hy in die vertrek is, asof Hy 'n regte persoon is wat na jou luister. Hy ís in elk geval in die vertrek en Hy ís 'n realiteit! Probeer dit. Jy kan dit wat in jou hart en gedagtes is vir Hom sing ook. Al hierdie dinge word gebed genoem. Onthou om ook te luister. Die 'praatkant' van gebed moet gebalanseer word met die 'luisterkant'. Hy sal verseker iets hê om vir jou te sê!

Speel musiek. Jy hou daarvan om na musiek te luister, altyd? Sit 'n CD met instrumentale musiek op terwyl jy besig is met jou bidtyd. Dit sal jou help om te ontspan en op God te fokus as daar agtergrondgeluide is wat jy kan beheer. Probeer dit en onthou om ook tyd te maak om te luister en neer te skryf dit wat jy ervaar God vir jou sê.

Skakel af. Sit jou selfoon, jou e-pos en *facebook* af vir die volgende uur. Die lewe sal aangaan! Wenk: Vir minstens 'n uur per dag, skakel die wêreld af en '*facebook*' met God. Gee Hom voorkeur deur 'n praktiese ding te doen, wys vir Hom dat Hy nommer een is vir jou.

Ontspan, maar fokus. Ons kan baie tyd in aanbidding deurbring en dit is wonderlik. Maar vir gebedswerk moet ons doelbewus fokus om te hoor wat op God se hart is en Sy hartklop bid. Dit is vir Hom lekker. Maak seker dat jy elke dag vir ander dinge as net vir jou eie behoeftes bid. Bid vir mense aan wie die Heilige Gees jou herinner.

Bly aanlyn met God tot volgende keer…